



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

REKENINGKUNDE

GRAAD 10

EKSAMEN

NOVEMBER 2023 – VRAESTEL 1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye, insluitend hierdie een.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord kan word.
3. 'n Formuleblad word aan die einde van die vraestel aan jou verskaf.
4. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood OF blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Waar van toepassing, toon alle berekeninge tot EEN desimale punt.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hier onder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Begrippe en Rekeningkunde vergelyking	25	20
2	Staat van Omvattende Inkomste en Vastebatenota	60	50
3	Notas en Staat van Finansiële Posisie	35	30
4	Begrippe, berekening van verhoudings en ontleding en interpretasie	30	20
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: BEGRIPPE EN ONTLEDING VAN TRANSAKSIES (25 punte; 20 minute)**1.1 BEGRIPPE**

Kies en skryf die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf die gekose woord langs die vraagnommer neer.

- 1.1.1 (Tasbare bate/Bedryfsbate) is 'n niebedryfsbate wat 'n fisiese voorkoms het en dit kan aangeraak word.
- 1.1.2 Goedere wat vir persoonlike gebruik deur die eienaar geneem word, word (skenking/onttrekkings) genoem.
- 1.1.3 (Bedryfsbates/Bedryfslaste) is iets wat deur die besigheid besit word en wat voortdurend in waarde sal verander
- 1.1.4 'n (Debiteur/Krediteur) is iemand wat die besigheid geld skuld.
- 1.1.5 (Ekwiteit/laste) is die waarde van die besigheid. (5)

1.2 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

Hierdie transaksies het in die boeke van Atlegang Handelaars verskyn. Die finansiële jaar het 30 Junie 2023 geëindig.

GEVRA:

Ontleed die volgende transaksies volgens die opskrifte wat in die ANTWOORDBOEK verskaf word. Aanvaar dat die banksaldo **gunstig** is vir al die transaksies. Toon die effek met 'n + of – langs die bedrag aan. (20)

TRANSAKSIES:

- 1.2.1 Stuur toerusting van R600 terug aan die krediteur.
- 1.2.2 Kontantverkope vir die dag beloop R12 900. Koste van verkope R8 600.
- 1.2.3 Skryf 'n debiteur, D Danie, se rekening van R550 as oninbare skuld af.
- 1.2.4 Ontvang R1 800 van 'n debiteur, M. Maslaba, as gedeeltelike betaling van haar rekening.

VRAAG 2: BEGRIPPE EN STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE**(60 punte; 50 minute)****2.1 BEGRIPPE**

Kies een begrip uit die lys wat vir elke verduideliking hier onder verskaf word. Skryf slegs die konsep langs die vraagnommer (2.1.1 - 2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Lopende saak, wesenlikheid, historiese koste, paring, omsigtigheid, AARP

- 2.1.1 'n Debiteur is as oninbaar afgeskryf al is die debiteur nog nie insolvent nie.
- 2.1.2 'n Kantoor word teen R2 000 per maand aan 'n huurder verhuur. Die besigheid het R26 000 vir die jaar ontvang, maar toon slegs R24 000 as inkomste vir die jaar.
- 2.1.3 Alhoewel die kosprys van voorraad voortdurend wissel, word dit teen die werklike prys wat daarvoor betaal is geboekstaaf, omdat daar aanvaar word dat dit 'n geruime tyd in die toekoms verkoop sal word.
- 2.1.4 Hierdie beginsels maak dit moontlik om die finansiële resultate van verskillende besighede te vergelyk.
- 2.1.5 Rente op oortrokke rekening moet nie as 'n bankkoste getoon word nie.

(5)

2.2 KAYB WINKELS

Die inligting verskaf is van KAYB Winkels vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023. Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 100% op kosprys.

GEVRA:

- 2.2.1 Stel die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2023.
- 2.2.2 Stel die nota vir Rente-inkomste op.

(48)

(7)

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2023

Balansstaatrekeninge-afdeling	DEBIET	KREDIET
Voertuie	725 000	
Toerusting	139 400	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie		275 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		23 750
Vaste deposito: ABC Bank (9%)	50 000	
Lening: XYZ Bank		100 000
Handelsvoorraad	95 670	

Nominale rekeninge-afdeling		
Verkope		993 500
Koste van verkope	488 925	
Debiteureafslag	15 650	
Water en elektrisiteit	13 511	
Salarisse en Lone	218 100	
Advertensies	24 000	
Oninbare skuld	2 447	
Bankkoste	14 250	
Kommissie-inkomste		37 500
Kommunikasie uitgawes	21 222	
Korting ontvang		7 250
Versekering	13 200	
Rente op lening	12 000	
Rente op vaste deposito		4 125
Rente op lopende rekening		625
Rente op uitstaande debiteure		980
Verpakkingsmateriaal	16 196	
Huurinkomste		101 100

AANPASSINGS EN BYKOMENDE INLIGTING:

- A. Die debiteur, R. Hoven, skuld die besigheid R1 800 vir meer as 60 dae. Die besigheid het besluit om sy rekening met R24 rente te belas.
- B. Geen inskrywing is gemaak vir 'n kredietnota wat aan die debiteur, Sally Bam, uitgereik is vir onbevredigende goedere wat deur haar terugbesorg is, R2 500 nie.
- C. Kommissie van R2 500 is nog op 28 Februarie 2023 ontvangbaar.
- D. 'n Bedrag van R4 000 is vir advertensies in die plaaslike koerant betaal. Dit is vir Februarie en Maart 2023.
- E. Die Februarie 2023 Bankstaat toon dat die volgende nog nie in die boeke ingeskryf is nie:
 - Debietorder vir R850 vir versekering
 - Bankkoste, R350
 - Rente ontvang vir R65.
- F. Rente is steeds op die vaste deposito verskuldig. R20 000 van die vaste deposito sal op 31 Maart 2024 verval.
- G. Op 1 Desember 2022 het die huur met 12% gestyg. Die huur vir Maart 2023, is vooruit ontvang. Die huurbedrag vir Maart beloop R8 400.
- H. 'n Debiteur, K van Heerden, skuld die onderneming R1 050. Sy word is insolvent verklaar. Sy betaal die onderneming R420 op 28 Februarie 2023. Skryf die res as oninbaar af.

I Maak voorsiening vir waardevermindering soos volg:

Voertuie:

- Neem in ag dat 'n nuwe voertuig van R300 000 op 1 Junie 2022 gekoop is.
- 20% p.j. op die verminderde saldo-metode.

Toerusting

- Skryf R9 480 waardevermindering vir die jaar af.

J 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2023 toon dat die volgende voorhande is:

- Handelsvoorraad R92 700
- Verpakkingsmateriaal R 1 800

60

VRAAG 3: NOTAS TOT DIE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (35 punte; 30 minute)

CASTRO HANDELAARS

Die inligting hier onder het betrekking op Castro Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023.

GEVRA:

3.1 Stel die volgende notas tot die Staat van Finansiële Posisie op:

- | | | |
|-------|--------------------------------|------|
| 3.1.1 | Vaste bates | (10) |
| 3.1.2 | Voorraad | (5) |
| 3.1.3 | Handels- en ander ontvangbares | (4) |
| 3.1.4 | Kontant en kontantekwivalente | (5) |
| 3.1.5 | Handels- en ander betaalbares | (4) |
| 3.1.6 | Eienaarsbelang | (7) |

INLIGTING

Uittreksel van saldo's op 28 Februarie 2023:

Kapitaal	700 000
Onttrekkings	96 000
Toerusting	190 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Maart 2022)	50 810
Lening: Kate Bank (11% p. J.)	310 000
Vaste deposito: Lee Bank (8% p. J.)	160 000
Handelsvoorraad	144 500
Debiteurekontrole	86 500
Krediteurekontrole	72 200
Bank	65 550

Kleinkas	250
Wisselgeld	2 500
Advertensie vooruitbetaal	4 600
Versekering vooruitbetaal	8 200
Vooruitontvange inkomste	3 600
Opgelope uitgawes	3 720
Opgelope inkomste	5 750
Skryfbehoeftes voorhande	3 250

ADDISIONELE INLIGTING:

- Aan die begin van die jaar het die eienaar 'n verdere R50 000 as kapitaal belê en gedurende die jaar sy kapitaal met R200 000 verminder.
- Nuwe toerusting is op 1 Desember 2022 gekoop en geboekstaaf vir R55 000.
- Waardevermindering op toerusting word bereken teen 20% p.j. op die kosprysmetode.
- Die eienaar het R12 200 voorraad op 26 Februarie 2023 onttrek. Geen inskrywing is gemaak nie.
- R85 000 van die vaste deposito verval in die volgende finansiële jaar.
- Die netto wins vir die jaar beloop R255 500

35

VRAAG 4: ONTLEDING EN VERTOLING VAN FINANSIËLE STATE**(30 punte; 20 minute)**

- 4.1 Kies die korrekte term in Kolom A wat by die beskrywing uit KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Winsgewendheid	A	Toets die vermoë van 'n besigheid om sy onmiddellike (korttermyn) skuld te delg.
4.1.2	Likiditeit	B	Bepaal hoe doeltreffend die onderneming in sy normale bedryfsaktiwiteite is,
4.1.3	Solvabiliteit	C	Verdien die eienaar 'n billike bedrag op sy/haar belegging?
4.1.4	Opbrengs op eienaarsbelang	D	Toon die vermoë van 'n besigheid om al sy skuld te delg

(4)

4.2 NOSI HANDELAARS**GEVRA:**

Gebruik die onderstaande inligting geneem uit die Finansiële State van Nosi Handelaars om die vrae wat volg te beantwoord. Toon alle bewerkings en gee jou antwoorde slegs tot die eerste desimale plek. Verskaf bedrae om jou antwoord te ondersteun.

- 4.2.1 Bereken en lewer kommentaar op die winsopslagpersentasie vir 2023. Verskaf bedrae om jou antwoord te ondersteun. (5)
- 4.2.2 Bereken die bedryfsuitgawes as 'n persentasie van verkope vir 2023. Word uitgawes doeltreffend beheer? Verskaf bedrae om jou antwoord te ondersteun. (5)
- 4.2.3 Bereken en lewer kommentaar op die bedryfsverhouding vir 2023. Verskaf bedrae om jou antwoord te ondersteun. (4)
- 4.2.4 Bereken die vuurproefverhouding vir 2023 en lewer kommentaar waarom die verhouding nie bevredigend is nie. Wat kan die gevolge vir die besigheid wees? (6)
- 4.2.5 Bereken die opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang vir 2023. Lewer kommentaar oor of die eienaar tevrede moet wees met hierdie opbrengs? (6)

INLIGTING

UIT DIE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE GEËINDIGDE JAAR:		
	2023	2022
Verkope	810 000	595 000
Koste van verkope	540 000	425 000
Bruto wins	270 000	170 000
Bedryfsuitgawes	?	72 000
Netto wins vir jaar	118 750	98 000

UIT DIE VERKLARING VAN FINANSIËLE POSISIE VIR DIE GEËINDIGDE JAAR:		
	2023	2022
Tasbare bates	330 360	345 000
Bedryfsbates	153 400	90 000
Handelsvoorraad	125 850	45 000
Handels- en ander debiteure	17 250	25 350
Bank	10 300	19 650
Kapitaal	375 000	370 000
Handels- en ander krediteure	38 350	30 000

FINANSIËLE AANWYSERS VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE:

	2023	2022
Winsopslag %	?	40%
Bedryfsuitgawes op verkope	?	12,1%
Bedryfsverhouding	?	3: 1
Vuurproefverhouding	?	1,5 :1
Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang	?	24,5%
Rente op vaste deposito's	9,2%	8,4%

30**TOTALE PUNTE: 150**

GRAAD 10 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYDER FORMULEBLAD		
$\frac{\text{Bruto wins} \times 100}{\text{Verkope 1}}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins voor belasting} \times 100}{\text{Verkope 1}}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handels- en ander debiteure + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste		
$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	Totale bates : Totale laste	